# STELLENBERG BYBELSKOOL

## Om in die mees onverwagte tye in jou lewe vernuwing en groei te beleef

## Op reis saam met Paulus en die vroegste gemeentes



**November 2022**

**Aanbieder. Ds. Marius Breytenbach**




**Stellenberg gemeente**

**ONS GLO:** ***Jesus, ons Verlosser, leef***

- In die een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
- In Christus, wat deur die geloof en uit genade ons Verlosser is.
- In die Bybel: die Woord van God in mensetaal.
- In die algemene kerk van Christus waarvan ons deel is en spesifiek deel van kerke wie se geloof verwoord word in die Drie Formuliere van Eenheid en in die Belydenis van Belhar.

**ONS STREEF:** ***Om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense heen uit te reik***

- Na mekaar in ons geloofsgemeenskap.
- Na mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap.
- Na mense in ons land en die res van die wêreld.
- Na Moeder Aarde en alle vorme van lewe.

**ONS LEEF:** ***As getuies en volgelinge van Christus***

- Nader aan God.
- Nader aan mekaar.
- Om ’n verskil in die wêreld te maak.
- Om <u>voortdurend te vernuwe.</u>

# Semper Reformanda
## ALWAYS REFORMING

In die volgende paar weke, wat saamval met die Christelike kerk se viering van die Reformasie meer as 500 jaar gelede, gaan ons oor die waarde van vernuwing en verandering nadink waarin Paulus en die vroeë kerk se verhaal praktiese as riglyn gaan dien. Wanneer daar oor vernuwing en verandering praat word is Saulus se bekering dikwels die plek waar ons begin. In vandag se sessie gaan ons tyd neem om veral hieroor na te dink.

Paulus se lewens verhaal word op twee plekke in die Bybel beskryf, Galasiërs 1: 11-24 (Paulus se eie weergawe) en Handelinge 9 (Lukas se weergawe). Paulus het die brief aan die Galasiërs in ongeveer 47/48 nC geskryf. Die teksgedeelte is ‘n kort opsomming van sy lewensverhaal die afgelope 50 jaar. Let wel dat in die volgende dekade sy lewe nog baie sou verander.

Wat staan vir jou uit in Paulus se beskrywing van sy lewe in Galasiërs 1:11-24? Let op die tydsverloop in sy beskrywing.

- ..............................................................
- ..............................................................
- ..............................................................
- ..............................................................
- ..............................................................
- ..............................................................

‘n Paar interessante feite oor Paulus se lewe:


1. Paulus was tergelyke tyd ‘n Jood en ‘n Romeinse burger.
2. Paulus was nie een van Jesus se dissipels nie. Ons weet nie of hy ooit vir Jesus persoonlik voor sy kruisiging ontmoet het of hom hoor praat het nie. Hy het dus nie die agtergrond kennis gehad waarvan ons in die vier Evangelies lees nie. Hy het wel na sy bekering vir ‘n week by Petrus in Jerusalem gebly waartydens Petrus waarskynlik hulle wedervaringe van die drie jaar wat hulle tyd met Jesus spandeer het met hom gedeel.
3. Paulus het met die sterk verwagting geleef dat Jesus in hulle eie leeftyd sou terugkom. Die gedagte het ook met verloop van tyd in Paulus se denke op die agtergrond geskuif en die vroeë kerk moes as gevolg hiervan aanpassings maak in hulle manier van dink en leef.
4. Paulus was ‘n tentmaker van beroep.
5. Nie al die briewe in die Nuwe Testament wat aan Paulus toegeskryf is kom uit sy eie leeftyd nie. Sewe van Paulus se briewe word as oorspronklik beskou (Galasiërs, Romeine, 1-2 Korintiërs, Filemon, Filippense, 1 Tessalonisense), terwyl drie aan ‘n generasie na Paulus toegeskryf word (1-2 Timoteus, Titus). Daar is onduidelikheid of briewe soos 2 Tessalonisense, Efesiërs en Kolossense in sy eie naam geskryf is.
6. Paulus word gereken as die eerste Christelike teoloog.

Wat het met Saulus op die pad na Damaskus gebeur?

- **Hoe dink jy oor die begrip ‘bekering’?**
- **Watter gedagtes, perspektiewe of herinneringe roep die begrip by jou op?**
- **Paulus se lewensverhaal gee verrassende nuwe perspektiewe op die pad wat die Here met ons stap.**

Ek vermoed dat baie mense aan die begrip “bekering” dink as ‘n eenmalige gebeurtenis waarin iemand se lewe oombliklik en ingrypend verander kom word. Terwyl daar sommige mense is wat met so ‘n oomblik kan identifiseer, is daar ander wat eerder aanklank vind by die Bybel karakter Samuel, wie se geloof oor tyd heen gevorm is.

Die storie van Paulus se bekering het lank voor sy ontmoeting met Jesus op pad na Damaskus begin[1] en dit sou die begin inlei van nog ‘n paar radikale veranderinge wat op hom sou wag. Die ervaring van gelowiges in die vroeë kerk was soortgelyk. Die eerste groep gelowiges het almal uit ‘n sterk godsdienstige agtergrond gekom (Judaïsme), maar sou spoedig deur die werking van die Heilige Gees as gevolg van spesifieke omstandighede en verander word. Hulle getuienis het ‘n proses aan die gang gesit waarin mense wat glad nie voorheen geglo het nie aangetrek is tot ‘n leefwyse wat die vroeë kerk gekenmerk het.




Martin Luther, die bekende hervormer se bekering moment was nie buite die kerk en godsdiens van sy tyd nie, maar daarbinne toe hy reeds ‘n priester goed in die teologie onderrig was. Sy worsteling was baie prakties: Waar vind ek ‘n genadige God? Ironies genoeg was die kerk waarin hy hom bevind het nie die plek nie en deur die Reformasie is baie meer as net die kerk verander. Dit het musiek, literatuur, ekonomie, onderwys en nog vele ander aspekte van die lewe kom verander. Bekering was nie vir Paulus, die vroeë kerk of vir mense soos Martin Luther ‘n lekker, (ge)maklike of vinnige proses nie. Dit was nie net ‘n intellektuele debat wat gelowiges in die kerk gevoer het nie, maar ‘n praktiese aanvoeling (roeping) om die lewe wat voor afspeel te onderskei en iets besonders daarvan te maak. Vanuit die Reformasie van 1517 het die insig gegroei: *Semper Reformanda ...* die Here is voortdurend besig om ons te verander (Stellenberg waarde).

[1] Ons lees dat Saulus teenwoordig was met die steniging van Stefanus (Hand. 7:58). Hy was ook deur die rabbi Gamaliël onderrig wat deel was van ‘n meer oop en liberale Joodse siening (*Hillel* skool). Lees meer oor die skool van denke asook dié van *Shammai* op die internet. In Galasiërs 1:15 vertel het hoe hy al sedert sy geboorte deur God geroep is.

**REFOR-masie**

**TRANSFOR-masie**

**STAG-nasie**

> ***I am not afraid of change;***
> ***I am more afraid of staying the same***

In die verhaal van Paulus en die vroeë kerk bring "voortdurende vernuwing" ons gedurig by die realiteit van REFOR-masie, TRANS-formasie en STAG-nasie nie.

- **REFOR-masie**. Die realiteit dat die Here ons voortdurend in die lewe by plekke van insig bring om nuut of ander ons onsself, ander mense en die wêreld waarin ons leef te dink. Dit is 'n skrikwekkende ervaring omdat enige persoon wat hom/haar in die proses van reformasie van reformasie bevind gedwing word om van gevestigde denke, uitgangspunte en geloof(bygeloof) ontslae te raak. Kan jy momente in jou lewe oproep waar jy op hierdie punt gekom het? Die fase van Paulus se lewe tussen c. 5 vC – 47 nC praat met ons hieroor. Na sy ontmoeting met die Here op die pad na Damaskus in ongeveer 33/34 nC het 'n periode van ongeveer 14 jaar aangebreek waarin hy van die gebeure in sy lewe sin probeer maak het.

- **TRANS-Formasie**. Die verandering wat die Here in ons bring laat ons anders oor goed dink, maar inspireer ons dinge anders te begin doen. Daarsonder gaan niks verander nie. Ons gaan fokus op gebeure in Paulus se lewe na c. 47 nC waarin Paulus vier sending reise onderneem het en waartydens die Here ook weer sy idees en perspektiewe verder verander het.

Die storie van "bekering" is die opwindende verhaal van hoe die Here oor 'n lang periode deur sy genade besig is om ons lewens te omvorm. Die storie hiervan, soos in die Nuwe Testament omskryf, is vol intriges, konflik en selfs geweld. Na die kerk se totstandkoming het 'n ander tipe van formasie ook 'n groot invloed op gelowiges se lewens uitgeoefen, naamlik **STAG-nasie**. Gelowiges wat uit 'n gevestigde kerk tradisie gekom het, het iewers perspektief verloor dat God hulle met hulle 'n pad van reformasie en transformasie stap.

Wat was die kenmerk en aard van die vernuwing wat die Here in Paulus en die vroeë kerk gebring het?

**Wat was die kenmerk en aard van die vernuwing wat die Here in Paulus se lewe en die vroeë kerk gebring het?**

**Hoe lyk die oomblikke van reformasie en transformasie waarby die Here jou voortdurend in die lewe by uitbring?**

**Hoe kom dit oor jou pad? Wat is die kwessies in jou lewe waarmee dit verband hou?**

Daar is vandag vorme van bekering wat onder Christene die rondte doen wat nie veel met die genade, waarvan mense soos Paulus en Martin Luther getuig, te doen het nie.

- ‘n Morele bekering. ‘n Bekering waar ‘n oordrewe klem geplaas word op ‘n hoë standaard van gedrag en die vrugte van die gees soos in Galasiërs 5 beskryf in die agtergrond verdwyn (liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing). Lees wat Paulus in 1 Korintiërs 13: 1-13 sê oor wat Christene se lewens behoort te kenmerk, asook die aangrypende verhaal van Jesus en die vrou wat van owerspel beskuldig is in Johannes 8:1-11.

1 Korintiërs 13:2

Al het ek die gawe om God se boodskap te verkondig en ken al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks.

Johannes 8:10-11

“Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle (Skrifgeleerdes) die oordeel oor jou voltrek nie?” Niemand nie, Here,” sê sy. Toe sê Jesus: “Ek doen dit ook nie. Gaan maar moet van nou af nie meer sonde doen nie”.

- ‘n Bekering wat van jou ‘n perfekte mens maak. Bekering maak ons nie sondeloos nie. Lees wat Paulus in Romeine 7-8 hieroor te sê het. Ten spyte van sy bekering het hy vir jare geworstel met wat Paulus beskryf as “’n doring in sy vlees”. Lees meer hieroor in Romeine 3:23-24 en 1 Johannes 1:8.

> 1 Johannes 1:8
> As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie.


> Romeine 3:23-24
> Almal het gesondig en is ver van God, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

- ‘n Bekering wat mense ondeurdag laat lewe. In die Ou Testament val die klem op verandering op ‘n styl van lewe om bedagsaam voor God te lewe. Lees hieroor in Miga 6:8.

> Miga 6:8
> Mens, die Here het jou bekendgemaak wat goed is: Hy vra dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.

## N. T. Wright, Paul: A Biography

| Period | Event / Travel | Writing (in suggested sequence) | Date | Scripture / external event |
|---|---|---|---|---|
| Early Years, 33–36 | apostolic commission near Damascus | | 33? | |
| | Paul in Damascus, Arabia, Damascus | | 33-36 | Gal 1:17<br>2Cor 11:32-33 |
| | Paul in Jerusalem | | late 36 | Gal 1:18–24; 2:1 |
| Paul in Tarsus; brought to Antioch by Barnabas, 36–46 | Caligula plans to erect statue in Jerusalem | | 40 | |
| | Famine visit to Jerusalem | | 46/47 | Acts 11:30; Gal 1:18-24 |
| 1st Missionary Journey with Barnabas, 47–48 | missionary work in Cyprus and South Galatia | | 47 | |
| | Peter in Antioch; Crisis in Galatia | Galatians | 48 | Gal 2:11–21 |
| | Jerusalem Conference | | 48/49 | Acts 15 |
| 2nd Missionary Journey, 49 | | | 49? | *Claudius's expulsion of Jews from Rome* |
| | Paul and Silas in Greece | | 49 | |
| | Paul in Corinth | 1–2 Thess (50/51) | early 51 – late 52 | |
| 3rd Missionary Journey, late 52 – 53 | Paul in Jerusalem, then Antioch | | late 52 – early 53 | |
| | Missionary work in Ephesus, etc. | | 53 | |
| Paul in Ephesus, 53–56 | Difficult visit to Corinth | 1 Corinthians | 53/54 | |
| | | | 54 | *Death of Claudius; accession on Nero* |
| | Imprisonment in Ephesus | Philippians, Philemon, Colossians, Ephesians | ?55–56 | |
| | Prison release and travel to Corinth | 2 Corinthians | 56 | |
| | Travel from Corinth to Jerusalem | Romans | 57 | |
| Arrest and Journey to Rome, 57–64 | Trials and imprisonment in Jerusalem and Caesarea | | 57–59 | |
| | Travel to Rome; shipwreck in Malta | | 59 | |
| | arrival in Rome and house arrest | | 60–62 | |
| | ?possible further travels to Spain and/ or to the east? | ?pastoral epistles? | ?62–64? | |
| | Death of Paul | | 64 (or later) | |


Saul's Early Years
Biblewhere
Carta's Browser to the Scriptures
Mediterranean Sea
Saul meets Jesus on the road to Damascus
Damascus
Caesarea Philippi
Tyre
Saul returns to Tarsus for ten years
Ptolemais
Bethsaida
Tiberias
Caesarea
Sebaste
Saul's family moves from Tarsus to Jerusalem
Jerusalem
Jericho
Saul studies under Gamaliel
A R A B I A
Saul in Arabia for three years
Possible visit to region of Mt. Sinai
Mt. Sinai
(Jebel Musa)
Tarsus to Jerusalem
Jerusalem to Damascus
Damascus to Arabia
Arabia to Jerusalem
Jerusalem to Tarsus
0 20 40 miles
0 25 50 km